


Jakkals en die son

Traditional San story
Afrikaans






Lank gelede, was daar 'n dwase lui jakkals. Hy het saam met sy ou vader in die Kalahari bos gewoon.

Een oggend word Ou Jakkals wakker en vind sy seun in die son slaap. Die kos was nog nie gereed nie en die bokke was nogsteeds in die kraal!


“Jong man, jy is so lui! Gaan en vind 'n vrou. Ek is te oud om na jou te kyk,” se Jakkals se vader . Jakkals spring toe op en neem die bokke om te wei.






In die bos, sien hy iets wat blink op die rots. Hy het nader en nader aan die rots beweeg. Hoe nader hy beweeg, hoe mooier was die glans. Miskien was dit die vrou vir hom?!

“Jy is pragtig,” se Jakkals vir die glans.
“Maar wie is jy? Hoekom is jy alleen?”
“Ek is die son,” antwoord die glans. “My
familie het my hier gelos toe hulle
verhuis. Hulle wou my nie gedra het nie.
Ek is te warm.”





Die jakkals se, “Maar jy is so mooi! Ek sal jou dra. Ek sal jou huis toe vat om my vader te ontmoet.”


“Doodreg, jy kan my dra. Maar moet nie kla wanneer ek te warm word vir jou nie,” se die son.

Jakkals dra die son op sy rug en begin sy reis huis toe. Kort voor lank, het die son Jakkals se pels gebrand.

“Sal jy asseblief van my rug afklim? Ek moet rus,” se Jakkals. Sy rug was so seer dat hy skaars kon loop.

“Gaan net voort!” se die son. “Ek het jou gese om nie te kla nie!”






Toe sien Jakkals 'n stomp oor die pad.
Hy kruip onderdeur die stomp sodat die
son kan af val.

Maar die stomp het ook sy vel en pels van sy rug geskraap en hul is agtergelaat saam met die son.





Die nuwe pels was 'n ander kleur as die pels op die res van sy lyf.

Die ander kleur herhinner Jakkals om nie weer so dwaas te wees nie.

Storie notas

In 2005, Naro storieverteller Bega Cgase van die Kalahari Woestyn in Botswana vertel die storie vir Marlene Winberg, wie dit weer hier oorvertel het. Die storie verskyn in verskillende weergawe in baie Suider-Afrikaanse San gemeenskappe. Dit waarsku dwase jong mans om nie verward te wees deur die buite voorkoms van 'n meisie nie, en vertel vir ouers om nie hul kinders te forseer om te trou ter wille van huishulp nie. Dit ontlok ook die kragtige voorkoms van die warm son in die woestyn en doen wat stories doen – gee alles in natuur 'n persoonlikheid.

Die illustrasies in die storie is van storieborde deur Marlene Winberg, digitaal geïnterpreteer deur Satsiri Winberg deur manipulasies van die Manyeka Art Collection van skilders gemaak deur San kunstenaars /Thaalu Rumaο, /Tuoi Samcuia en Joao Wenne Dikuango, wie almal alreeds oorlede is.

Jakkals en die son

Writer: Traditional San story

Illustration: Manyeka Arts Trust

Adapted By: Johanne


Language: Afrikaans

© Manyeka Arts Trust, 2014



This work is licensed under a Creative Commons Attribution
(CC-BY) Version 3.0 Unported Licence

Disclaimer: You are free to download, copy, translate or adapt this story and use the illustrations as long as you attribute or credit the original author/s and illustrator/s.



In 2005, Naro storyteller Bega Cgase from the Kalahari Desert in Botswana told this story to Marlene Winberg, who retells it here. The story appears in different versions in many southern African San communities. It warns foolish young men not to be confused by the outside

Saide 
South African Institute
for Distance Education

www.africanstorybook.org
A Saide Initiative